



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

HOUDING

'n Eenvoudige woord wat baie menings kan dra. As mens dit koppelaan 'n liggaamshouding sal 'n ferm en regop postuur 'n beeld van trots en deeglikheid uitstraal. 'n Slap en onversorgde liggaamshouding straal 'n beeld van kommerloosheid en onverantwoordelikheid uit. 'n Liggaamshouding is 'n weerpieëling van jou innerlike selfbeeld. Kyk 'n mens na jou persoonlike houding in die lewe is daar verskeie velde wat gedek word. Jou houding teenoor jou studies, werk, vriende, familie, sport, ontspanning en natuurlik teenoor jou geloof.

Aangesien 'n dag bestaan uit 24 uur en 'n week uit sewe dae kan alles ongelukkig nie dieselfde aandag kry nie. 'n Proses van prioritisering moet plaasvind. Belangrike keuses gaan 'n beslissende invloed op jou daaglikse beplanning hê. As gevolg van ons sondige aard is ons geneig om een van water se eienskappe aan te neem: Volg altyd die maklikste roete of baan. Waar daar hindernisse of opdraendes is sal die afdraendes en stroomversnellings verkies word.

Sien ons dit nie so raak in ons eie lewe nie. 'n Verenigingsaand word verruil vir 'n lekker kuier. 'n Bekende sepie kry voorrang bo voorstudie vir vereniging. 'n Jeugsentrale ontspanning moet opskuif vir 'n gesellige aand in Hatfield Square. Ons houding

straal 'n gemakshouding uit. Almal sal hopelik saamstem as ons begin prioritiseer dat ons geloofslawe top rang sal kry. Dis waarom alles ten slotte draai. Is dit nie tyd dat ons stilstaan, 'n paar treë terugstap nie en ons hele lewensstyl en houding herevalueer nie? Ons vrye tyds besteding weer in oënskou neem en alles baie streng volgens ons Bybelse norme beoordeel.

As ons so ver kom sal ons met die regte houding na die lewe begin kyk. Waar die houding lei tot 'n verhouding. 'n Verhouding met God en jou naaste. Jou verhouding met God kan weer opgeskerp word deur gereelde selfstudie, aktiewe bywoning van verenigingsaande, opskerp van jou persoonlike gebed en getroue erediens bywoning. Jou verhouding met jou naaste word opgeskerp deur meeleving met probleme, besoeke aan eensames en algemene beoefening van die gemeenskap van die heiliges.

Die houding sal ook lei tot 'n onthouding. 'n Onthouding van ons sondige natuur. 'n Onthouding van swak gewoontes en gebreke. Lees dus gerus die Olieelamp, neem dit ter harte en kom selfs sover om spontaan te begin skryf. Ons as redaksie sien uit daarna om artikels terug te hou weens 'n gebrek aan spasie.

Namens die Maranata redaksie
Hein Smit

INHOUD

Uit die Woord

Die Beeld van God ons Vader	2
Waakop!	4
God vergewe ons! (Lukas 18)	5
Kerkgeskiedenis (325–600 nC)	7

Oppad

Bly wees oor jou uitverkiesing	7
Bewaar jou hart!	8
Teologiese klaskamer	9

Voel jy ook so?

Die gelugsgodin	10
Ons is vry!	11

Sosiaal

Deur die sleutelgat	13
Voetspore	14

Nog iets...

Boekbesprekings	15
Verjaarsdae	16

DIE BEELD VAN GOD ONSE VADER

'n Inleiding vir die Maranata Jeugvereniging deur Hermien Bijker

'n Sesjarige kind slaap rustig in sy bed. Laat-nag strompel 'n ouerige man in die gang af en kom die slaapkamer binne. Hy skud die seuntjie wakker, eers versigtig, maar later word die seuntjie aan sy arm rondgepluk. Hy slaan die kind verwoed, kragtige houe kom op die arme kind neer. Die seuntjie skreeu...maar daar is geen genade nie. Die dronk ou man is die seuntjie se vader. Dit is normaal vir hom om deur sy vader mishandel word.

Wat gaan die kind dink as hy opgegroeï het eendag en 'n mens die woord Vader vir hom noem? Watter beeld

kry die persoon in sy kop? Verseker 'n beeld van 'n ongenadige wrede vader. En hoe beïnvloed dit sy beeld van God as Vader?



Redaksies:

Pretoria:

Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
 Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
 Penningmeester: Arjan van Houwelingen
 Lede: Willemien Kleijn
 Wilma Lubbinge
 Anita Zielman

Maranata:

Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
 Sekretaresse: Annemarie de Vente
 Penningmeesteresse: Cora Visser
 Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
 Artikelversorging: Maartje Eefting
 Margreet Moes
 Sekretaresse: Christine van der Linden
 Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
 Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:

Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: <http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35.00 per jaar

Ons aardse vaders en moeders is die voorbeelde van gesagsfigure wat ons van jongs af kry. Outomaties assosieer ons bepaalde eienskappe van God met kenmerke van ons aardse vaders (en moeders). Byvoorbeeld as iemand se pa baie streng is, dan sal die persoon geneig wees om te dink dat God ook baie streng is. As iemand se pa nie gesteld is op reëls en hul kinders baie vryheid gun, dink ons dit ook van God. Soms gebeur dit dat ouers kinders met mekaar vergelyk. Die een kind doen miskien nie so goed in sport of akademie soos haar boetie en sussie nie, en kan maklik nie goed genoeg voel nie. Ons kan dink dat ons nie goed genoeg is vir God nie. In die hedendaagse gejaagde wêreld kom baie vaders en moeders moeg van die werk af terug en toon nie belangstelling in wat hul kinders die dag gedoen het nie. In later jare kan die kind 'n denkbild kry dat God nie tyd vir ons het nie. Terwyl God eintlik baie graag op enige tyd van die dag of nag van ons wil hoor.

Die idee van hierdie inleiding is nie om die foute van ons aardse vaders en moeders uit te wys nie. Ek dink dat ons almal hier bevoorreg is wat ouers aan betref. Al het hulle foute, weens die sonde in die wêreld. Daar is baie mense wat dit baie erger het bv. kinders wat vanaand op Hatfield se strate gaan slaap sonder kos, of wie se ma's prostitute is.

Die idee van die inleiding is wel om eerstens ons eie beeld van God duidelik te maak deur te gaan lees waar ons Vader in die hemel sy verskillende karakter eienskappe in die Bybel openbaar. En dan tweedens om mense buite die kerk te help wat sukkel om te verstaan dat hulle 'n liefdevolle Vader in die hemel het wat elke dag vir hulle omgee.

Ons kan begin deur eerstens die beeld van 'n harde Vader te verander. Die denkbeeld skep mense omdat hulle nie die beeld van 'n liefdevolle Vader kan versoen met die chaos in die wêreld nie. In ons almal se persoonlike lewens ervaar ons pyn a.g.v. die sonde op aarde. Ons kan dink dat God apart van hierdie pyn staan en dat Hy nie met ons meeleeft hierin nie, maar eerder van ons verwag om bietjie uit te hou terwyl Hy ons die krag gee om dit te doen. God gee ons inderdaad krag, maar Hy staan nie apart van die hartseer in ons lewe nie. Want in Genesis 6:5-6 lees ons 'n gedeelte waar die Here berou gehad het oor die mense wat Hy gemaak het, omdat hulle soveel sondes gedoen het. Aangehaal staan daar in die laaste deel van die vers "*en daar was smart in sy hart*". Ons Vader in die hemel is dus saam met ons *hartseer* is oor die sondes van die wêreld en die pyn in ons persoonlike lewens. Verder wil God ons gebroke harte genees, ons lees in Ps. 34:19 "*Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees*", en in Ps. 147:3 "*Hy genees die wat gebroke is van hart en verbind hulle wonde*" en in Heb. 4:15-16 "*Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye het nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*"

Maar waarom is ons beeld van God dan so belangrik? Dit is omdat die verkeerde denkbeelde in ons kop, sonde teen die tweede gebod is (Sondag 35). 'n Voorbeeld van iemand wat God op sy eie manier wou dien, is Saul. In 'n oorlog teen die Amekiete kry Saul opdrag om al die manskappe, vroue, kinders en

besittings te vernietig. Saul luister nie na die opdrag van die Here nie en behou die koning asook die beeste, vee en lammers, om later daarvan vir God te offer. Ons lees in *1 Sam. 15: 22-24* dat die Here gehoorsaamheid verkies in plaas van eiewillige bediening "... *eiesinnigheid is afgodery en beelddiens...*". Nog 'n voorbeeld is die goue kalf wat die volk Israel gemaak het terwyl Moses op die berg Sinaï by God was. Die doel van die beeld was om God voor te stel (Ex. 32:5b "*Môre is daar fees tot eer van die Here*"). Hulle dien God ook op hul eie manier en as straf moet die volk die gebrande oorblyfsels van die koei in water opdrink.

Uit die vorige paragraaf sien ons dat dit noodlottig is om die verkeerde beeld van God te hê. Maar hoe lyk God dan eintlik? En hoe moet ons Hom voorstel? In Joh. 1:18 lees ons dat "*Niemand het God ooit gesien nie, die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, die het Hom verklaar*", Joh. 14:9-12 "...*Hy wat my gesien het, het die Vader gesien... en toe sê hy: Toon ons die Vader?... Glo my dat ek in die Vader is, en die Vader in My...*" Dit is duidelik dat ons nie God uit iets sigbaars kan voorstel nie. En die enigste manier hoe ons die regte beeld van God kan vorm is deur wat ons hoor in die prediking en lees in die Woord.

Tydens die JV het ons gaan lees in die Bybel waar ons Hemelse Vader sy karakter eienskappe aan ons openbaar. Hier onder is 'n opsomming van wat ons gevind het:

1. **Skepper:** Hy het ons na sy beeld geskape en ons die vryheid gegee om vir sy liefde te kies. Hand. 17:28 "*want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons.... Sy geslag*", Jesaja 64:8 "*....U is ons Vader, ons is die klei...*".
2. **Versorger:** Hy is die Vader wat voorsien aan ons liggaamlike, emosionele, geestelike behoeftes. Matt. 7:11 "*...hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!*"
3. **Vriend en raadsman:** Hy verlang 'n intieme vriendskap met ons, Hy wil ons raad gee en nuwe dinge leer. Ps. 73:24 "*U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlijkheid opneem*"
4. **Verbeteraar:** die Een wat ons liefdevol verbeter in ons lewenswandel. Heb. 12:5-11 "*want die Here tugtig hom wat Hy liefhet... want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?*"
5. **Verlosser:** Hy vergeef sy kinders hul foute, en tel hulle weer uit liefde op uit die sondes. Ps. 103:8-13

- “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid... so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees”.*
6. **Trooster:** die Een wat ons troos in nood, 2 Kor. 1:3 *“Geseënd is die God en Vader...van ontferminge en die God van alle vertroosting”.*
 7. **Verdedinger en bevryder van sy kinders** Ps. 91:1-3 *“Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige...want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger...”*
 8. **Vader:** Hy wil ons bevry van valse gode sodat ons Hom as Vader kan aanneem. 2 Kor. 6:18 *“Ek sal vir julle ‘n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige”.* Matt. 6:8-9. God wil hê dat ons hom ons Vader noem. *“Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemel is”*
 9. **Vader van weeskinders en dakloses:** Ps. 68:6-7 *“’n Vader van die wese en ‘n regter van die weduwees is God in sy heilige woning, God laat die eensames woon in ‘n huisgesin, Hy lei die gevangenes uit in voorspoed; maar die wederstrewiges woon in ‘n dor land”*
 10. **Vader van liefde:** wat Homself aan ons openbaar, en ons met Hom wil versoen deur Jesus Christus Joh. 16:27 *“want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het”.*
 11. **Geduldig,** Ps. 78:35-39 *“...dikwels wend Hy die toorn af en wek die grimmigheid nie op nie”.*
 12. **Sorgsaam,** Jesus verander water in wyn by die bruilof in Kana (Joh. 2:1-11)
 13. **Heilig,** Jesus reinig die tempel (Joh. 2:13-22)
 14. **Skerpsinnig,** Joh. 2:23-25 *“...want Hy het self geweet wat in die mens is”*
 15. **Bewoëë,** Luk. 19:1-10 Saggëus, veral vers 10 *“want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was”*
 16. **Vol aandag,** Matt. 9:35-38 *“En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en hulle singagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees...”.*
 17. **Vergewend,** Joh. 8:1-11 Die owerspelige vrou, waar die Fariseërs die vrou veroordeel en Jesus in vers 7 antwoord *“...laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste ‘n klip op haar gooi”.*
 18. **Regverdig,** Deut. 32:4-5 *“Die Rots – volkome is sy werk, want al sy weë is strafgerigte, ‘n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy...”*
 19. **Jaloers,** Ex. 20:5 *“...Ek, die Here jou God, is ‘n jaloerse God...”*
 20. **Goedertieren,** Ex. 34:6-7 *“En toe die Here by hom verbygaan, het hy geroep: Here, Here, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou...”*
 21. **Barmhartig,** Die kruisiging, waar die sondaar langs Jesus vergewe word (Luk. 23:33-43)
 22. **Attent:** Jesus en die kindertjies (Luk. 18:15-17)
 23. **Vrygewig:** Die vermeerdering van die brode (Matt. 14:13-21), die tweede vermeerdering van die brode (Matt. 15:30-38)
 24. **Kragtig:** Maansiek kind gesond maak (Matt. 17:14-21)
 25. **Wys:** Betaling van die tempelbelasting (Matt. 17:24-27)
 26. **Magtig:** Jesus maak die storm stil (Mark. 4:35-41)

Wow, ons kon in die kort tydjie 26 karakter eienskappe van ons drieënige God vind! (Daar sal wel nog baie meer wees). Dit laat mens nogal klein voel as ons dink dat God volmaak in al hierdie eienskappe is. Sy weë, denke en eienskappe is so ver verheve bo ons sondige denke en handel! En tog het Hy in sy volmaaktheid met al ons sondes en gebreke geduld. En Hy oorstroom ons met sy *Vaderlike* liefde en sorg elke dag opnuut!

WAAK OP!

Karen Douma

Lees Rigters 4 en 5

Rig. 5:12b *“Word wakker, word wakker, Debora! Word wakker, word wakker, hef ‘n lied aan!”*

Ons sondig net soos Israel. Deur ons sondes benadeel ons onself en ander, maar bo alles sondig ons teen God. Want as ons sondes doen, erken ons nie sy bevel en sy gesag oor ons lewens nie. Ons as kinders van God staan onder druk van die ongelowige wêreld. Stry

ons nog vir reg en verkeerd? Leef ons nog soos Christene? Kan mense dit in ons lewenswyse, dade sien? Kom ons nog op vir ons geloof? Staan ons by ons oortuigings OF doen ons maar wat die wêreld doen. Waak op! Gaan oor tot aksie.

Bid tot God vir krag. Jy hoef nie die stryd alleen te stry nie. Stel jou vertrou in die Here. (Barak wou nie alleen teen Sisera optrek nie, Debora moes saam. Hy het nie sy vertrou in God gestel nie.) Die Here gaan ons vooruit, is ons bereid om ons kruis op te neem en Hom te volg?

Ons weet ook dat ons met die Here aan ons kant, die oorwinning sal behaal. Israel het Jabin verslaan, God

het dit so bewerk. Waarom nog bang wees om op te staan vir jou geloof? Jael het Sisera gedood uit liefde vir God en Israel. Die Bybel leer ons mos ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee. Waak dan op!

Dank God dan vir die oorwinning behaal, hoe gering ook al. As jy vir jou klasmaat sê om op te hou vloek, het jy tot aksie oorgegaan. Dank God dat jy dit kon doen. Dank Hom vir die oorwinning. So het Debora en Barak ook God geloof en geprys vir sy goedheid. Ps. 146:1,2 “*HALLELUJA! Loof die Here, o my siel! Ek wil die Here prys solank as ek lewe; ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek nog daar is.*”

GELYKENISSE (4) GOD VERGEWE ONS - LUKAS 18

Jan van Houwelingen

In Lukas 18 lees ons twee gelykenisse wat die Here Jesus aan sy volgelinge vertel het. Die een (vs.1-8) het Jesus spesiaal vertel om die omstanders op te roep om te volhard in die gebed en nooit moed op te gee nie. Die tweede gelykenis (vs.9-14) is bedoel vir die wat spog oor hulle goedheid en neerkyk op ander (medegelowiges).

Vs. 1-8 Die weduwee en die regter

Jesus berei sy volgelinge voor op die laaste dae. Die tydperk waartydens Hy by sy Vader in die hemel is totdat Hy weer terugkom na die aarde. Ons leef ook in daardie tyd; dus is hierdie gelykenis ook vir ons ore bedoel.

Jesus gee aan ons die opdrag om altyd te bly bid, totdat ons antwoord van die Here kry. Dit gaan hier veral om die gebed vir die koms van die jongste dag. Dit is die dag waarop daar finaal reg sal geskied en alles wat aan die sonde herinner vir ons nie meer sal bestaan nie.

Die Here illustreer dit met 'n verhaal oor 'n weduwee wat 'n oneerlike regter smeek om haar saak in behandeling te neem. 'n Weduwee moes in daardie tyd alleen regkom en hulle is baie keer oor die hoof gesien. Sy mag dus daarop staatmaak dat hierdie regter haar tegemoetkomend sal wees en haar sal help. Maar hierdie regter dink net aan homself en sy beursie. In die begin weier hy dus volstrek. Reg en behulpsaamheid staan by hierdie man nie hoog

aangeskryf nie. Die weduwee bly egter aanhou om te neul. Op die ou einde is hy so sat van haar en is hy bang dat sy hom dalk 'n blou-oog sal slaan. En daardie vernedering sal hy nie kan vedra nie. Hy besluit dus, slegs uit behoud van sy eie-eer, om hierdie vrou tegemoet te kom en haar saak te behandel.

Nou vra Jesus die vraag: "Wat dink julle sal die Hoofregter van die wêreld maak as julle Hom smeek?" Sal Hy julle laat wag en net aan Homself dink? Nee, Hy sal sy kinders selfs gou antwoord.

Ons mag seker wees dat God die smeking vir sy wederkoms ernstig opvat. Al lyk dit soms asof die gebed vir die wederkoms van die Here nie meer sin het nie. Daar word mos al 2000 jaar vir die wederkoms gebid? En nog steeds het die jongste dag nie aangebreek nie. Maar, Jesus sê ook waarom dit so is (vs.7). Die Here is lankmoedig met die kroon op sy skepping. Uit genade wag Hy, sodat die getal van sy uitverkore kinders vol kan word en daar tyd vir bekering kan wees (vergelyk 2 Petrus 3:9)

Met 'n indringende vraag vra Jesus Homself af of Hy nog ware geloof by die mense sal vind op die dag van sy terugkoms.

Ons moet die Here dank vir sy belofte dat Hy sal terugkom en 'n nuwe aarde aan sy kinders sal gee. Ons moet op Hom vertrou, want Hy vergeet nooit sy

beloftes nie. Al sal daar nog baie moeilike tye kom, moet ons volhard in ons gebed tot die einde toe. Die einde wat vir ons nie 'n einde sal wees nie, omdat ons seker mag weet dat die Here Jesus vir ons sondes geboet het.

Vers 9-14 Die Fariseër en die Tollenaar

In hierdie gelykenis gaan Jesus verder in op die opdrag om te bid. Hy maak duidelik met watter houding ons tot God moet bid. Nie soos die selfingenome Fariseër wat God dank dat hy so 'n goeie mens is en darem nie so sleg is soos sy broeder wat 'n tollenaar is nie. Hy is so seker van sy goedheid dat hy voorin die tempel gaan staan en hardop bid. Hy voel homself baie beter as die tollenaar daar agter in die tempel wat na die grond staar en van verdriet en berou hom op die bors slaan en God om genade smee. Die Fariseër besef nie dat hy slegs met leë hande na God kan kom nie. Hy gebruik selfs iets wat God ingestel om Hom dank te bewys (die tiendes), op so 'n manier dat hy 'n dankie-sê van God verwag. En, sê Jesus, die tollenaar het van God

vergewing van sondes gekry en die Fariseër nie. Die tollenaar kon bly en met Psalm 32:5 op sy lippe huis toe gaan. *"My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtighede het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtighede van my sonde vergewe."*

Op die manier hoe die Fariseër tot God gekom het werk dit nie. As ons nie besef wat ons plek teenoor God is nie, hoe skuldig ons voor God staan nie, sal ons ook nie die nut van Jesus se verlossingswerk insien nie. Dan sal ons dink dat ons Jesus nie as ons Verlosser nodig het nie. En as ons nie deel het aan die Here Jesus se verlossingswerk nie, is ons verlore.

Maar, omdat die Here vir ons skuld betaal het, mag ons met vrymoedigheid tot ons Vader in die hemel bid. En God raak nie sat van ons gebede nie, maar sal altyd weer die gebed wat in geloof en eerbied gebid is, verhoor.

AANVAARDING EN OORWINNING VAN DIE CHRISTENDOM: 325–600 NC.


Margreet Moes

Konstantyn en die Christelike Ryk

Tydens die 4de, 5de en 6de eeu het groot veranderinge in die kerk en in die politieke struktuur van Wes-Europa plaasgevind. Die Wes-Romeinse Ryk het geswig voor die volgehoue aanslae van Germaanse invallers aan sy noordgrens. Die Christendom, wat nog 'n verdrukte minderheidsgeloof was toe keiser Konstantyn in 312 tot bekering gekom het, het teen die einde van die 4de eeu die godsdien van die Ryk geword. Die biskop van Rome se blote ereposisie het verander in 'n heersersposisie.

Konstantyn het voor sy bekering die "Onoorwonne Son" aanbid en het na sy bekering nie heeltemal afskeid geneem van die afgode nie. Die Christelike kerk het baie heidense opvattinge, gebruike en simbole oorgeneem. Die tradisie om Christus se geboortedag op 25 Desember te vier, gaan byvoorbeeld terug tot die heidense viering van die geboortedag van die son. Die Romeinse winterfees van 17-21 Desember was die tyd van vrolikheid en die uitdeel van geskenke en die aansteek van kerse, wat later so tipies geword het van die Christelike Kersfees. Navorsers glo dat die verering van Diana moontlik oorgedra is op Maria.

Baie mense het Maria ook verbind met Isis, die Egiptiese godin wie se kultus wyd verspreid in die Romeinse Ryk voorgekom het. Die volgelingen van Isis, wat ook "die Groot Maagd" en "Moeder van God" genoem is, het hulle heel natuurlik tot Maria aangetrokke gevoel vir vertroosting toe die heidendom in die Romeinse Ryk verbied is en hul tempels aan die einde van die 4de eeu verwoes is. Martelaars en heiliges is vereer en kerke is op hul grafte gebou. Konstantyn het in 325 in Nicea 'n vergadering van die hele kerk, die eerste "ekumeniese" (algemene) konsilie, byeengeroep toe Arius die Goddelikheid van Christus begin bevraagteken. Die leerstellige uitsprake van die konsilie het – met enkele latere wysigings – een van die vernaamste geloofsbelydenisse van die Westerse Christendom geword. Die einde van die heidense godsdienste is bevorder deur o.a. Ambrosius, wat in 374 tot biskop van Milaan verkies is, wat die keisers Gratianus en Theodosius I oorgehaal tot die bestryding van kettery en die heidense godsdienste. Magnus Maximus was die eerste Christelike keiser wat die doodstraf vir kettery opgelê het.



Toe die Christendom in die tyd van Konstantyn amptelike erkenning verkry het, het daar nog geen vaste patroon van aanbidding bestaan nie. Die hoofte van die Christelike jaar was die Paasfees en die Pinksterfees. Konstantyn het verorden dat Sondag 'n openbare rusdag met dieselfde status as ander Romeinse vakansiedae moet word. Sondag-eredienste het groot en plegtige geleenthede geword. Pelgrimstogte na Bybellande het algemeen geword, nadat Konstantyn se moeder in 326-327 'n pelgrimstog na die Heilige Land onderneem het.

Die val van die Romeinse Ryk

Germaanse stamme soos die Gote het die Ryk teen die middel van die 3de eeu begin bedreig. Die Wes-Gote het tydens hul besetting van Dacia met die Christendom kennis gemaak en Ariaanse Christene geword. Hierdie Christelike vorm van godsdiens is na die meeste ander Germaanse stamme oorgedra. Die Bybel is in die Gotiese taal vertaal deur Wulfila wat

toe die hoof van die Christelike gemeenskap was. Daar was vir byna 'n eeu vrede, totdat die Wes-Gote onderdruk is deur die Romeine sodat hulle in opstand gekom het. Die Wes-Gote se koning, Alarik, het Rome ingeneem. Dit was die eerste keer in 800 jaar dat Rome deur 'n vreemde vyand ingeneem is. Na Alarik se dood is die Wes-Gote terug na Gallië. Gallië het moeilike tye beleef en dis hier waar die kerk 'n indruk gemaak het deur vir die armes, ook nie-gelowiges, te sorg. Die kerk het ook 'n einde gemaak aan bloedige swaardgevegte. Die Christendom was deels verantwoordelik vir die val van die Wes-Romeinse Ryk om verskeie redes. Geld is gebruik vir monnike en geestelikes se onderhoud en die bekwaamste leierpersoonlikhede is van die staat weggelok om as biskoppe te dien.

Hierbenewens het die kerk, deur die beklemtoning van die hemelse "Stad van God", verwaarlosing van die aardse "Stad van die mens" – die Ryk – aangemoedig.

Die Vandale, 'n Germaanse stam, het Afrika vanaf Spanje bereik en die Katolieke sowel as die Donatiste is lank vervolgd. Die Donatisme het daarna weer gebloei, maar dit het nou al hoe minder van die Katolieke Christendom verskil. Dit het voortbestaan tot die Noord-Afrikaanse kerk in die 7de eeu deur die invallende More oorweldig is. Die verdrukking van die kerk in Augustinus se tyd het die kerk in Afrika waarskynlik so verswak dat dit nie dié uitdaging die hoof kon bied nie.

So sien ons die Christendom is nie 'n vreemde idee van 'n klein groepie mense nie, maar dat dit al eue lank 'n enorme invloed uitgeoefen het in Europa.

(Uit: Die Geskiedenis van die Christendom)

Oppad

BLY WEES OOR JOU UITVERKIESING !

Rinus Kamphuis

Of 'n mens uitverkies is of nie is 'n besluit van God. Daardie besluit het God al voor die skepping van die wêreld geneem en dit is 'n ewige en onveranderlike besluit.

In daardie besluit het God uit al die mense wat in sonde sou val sekere mense uitgekies. God het dan ook

besluit dat Christus vir hierdie mense sy lewe sou gee en vir hulle sondes betaal en so hulle geloof verdien.

So word die uitverkorenes dan God se eiendom, deur Christus se bloed gekoop. God gee aan sy uitverkorenes die geloof en die volharding in die geloof om hulle so met 'n vaste hand na die ewige saligheid te lei.

Maar die besluit van God se uitverkiesing beteken ook dat God sekere mense verbygegaan het. Dit is die mense wat hulleself aan die sonde oorgegee het. God het besluit dat Christus se offer aan die kruis nie vir hulle bestem is nie en hulle ontvang dus ook nie die geloof nie. Die mense wat nie uitverkies is nie, bly dus in sonde lewe, en sal daarvoor die ewige oordeel ontvang.

Dit is in kort wat die leer van die uitverkiesing, ook predestinasie genoem, ons leer.

Dit laat baie vrae by mens ontstaan. Vrae soos, hoe weet ek dat ek uitverkies is? As my saligheid of veroordeling al voor die grondlegging van die wêreld af bekend is, maak dit nog enigsins saak hoe ek leef? Hoekom het God net 'n deel van die mensheid uitverkies?

Hierdie is van die mees algemene vrae wat opduik rondom die uitverkiesingsleer.

Die doel van hierdie artikel is egter dat ons die blydskap van ons uitverkiesing moet besef. Dit kan

ons alleenlik doen as ons vas glo en vertrou dat ons uitverkies is. Die Heilige Gees werk hierdie vertrou in ons harte en gee ons 'n gevoel van sekerheid dat ons aan Christus behoort. Die sekerheid oor ons uitverkiesing maak ons bly as ons besef dat dit genade is dat ons gered word, ons verdien die ewige verdoemenis, maar God het sy Seun na die aarde toe gestuur om die losprys vir ons te betaal. Ons moet Christus as ons Verlosser aanneem en die lewe buite onself in Hom soek.

As ons dan uit 'n ware geloof en dus ook 'n blydskap in Christus wat ons van die sonde verlos het lewe, kan ons nie anders as vrugte van geloof voortbring nie. Hierdie vrugte van geloof is deel van die blydskap oor ons uitverkiesing wat ons ervaar.

Die hele uitverkiesingsleer is vir ons as mense baie moeilik om te verstaan, ons het ook nie nodig om dit ten volle te verstaan nie, ons moet net in 'n vaste vertrou leef dat ons 'n kind van God is, dan sal die Heilige Gees die geloof in ons harte werk.

BEWAAR JOU HART

Verwerk deur Annemarie Lubbinge uit: *Credenda Agenda Vol 11, no 5.*

"Mamma ek wil 'n man hê!"

"Watter man my liewe kind?"

"Enige man! Gee my net 'n man!"

Hierdie artikel is vir alle ongetroude meisies wat graag sal wil trou, hetsy jonk en tuisblywend, of ouer en reeds op hulle eie.

Die basiese beginsel is dat jy jou hart moet bewaar, sodat dit nie emosioneel verstrengel sal raak by 'n ander persoon sonder die beskerming van 'n belofte of ooreenkoms nie.

Indien 'n vrou haar hart nie bewaar nie en dit oopstel vir enige man, stel sy haarself bloot aan baie hartseer en skade. Baie vroue wat graag wil trou, raak betrokke by die eerste man wat verby kom, selfs fisies al weet hulle ook van beter.

Onthou, dit is baie moeilik om op te staan teenoor 'n man en nee te sê indien jy jousef toegelaat het om verlief te raak op die persoon. So 'n persoon is nie jou man nie en jy mag glad nie toegee in enige gebied nie, veral nie indien hy aandring op fisiese kontak terwyl daar geen verhouding, ooreenkoms of belofte tussen julle is nie.

Daar is verskillende maniere wat jy kan gebruik om jou hart te beskerm:

- 1) Moenie die tyd vooruit loop nie. God bepaal die verloop van elke persoon se lewe en Hy weet wat elke dag die beste vir jou is. Wag geduldig en indien dit so bestem is dat jy sal trou, sal die regte persoon op jou pad geplaas word. Vir die een persoon is dit goed om jonk te trou, terwyl dit vir 'n ander beter is om later te trou.
- 2) Beskerm jou verbeelding. Moenie 'n eensame hart met sappige romans, fliëks en fantasië oor sulke verhoudings voed nie. Sulke dinge gee aanleiding tot wellus.
 - 3) Moenie jousef verbeel dat 'n persoon in jou belangstel, terwyl hy slegs vriendlik is, of dink dat hy 'n sagte kyk in sy oë het as hy jou groet, terwyl hy net bedagsaam is nie. Met ander woorde moenie wilde verliefdhede in jou hart kweek nie. As so 'n man dan betrokke raak by 'n ander vrou, sal dit jou seermaak.
- 4) Wees realisties oor die mans wat aandag aan jou gee. As jy te entoesiasties is om 'n verhouding te begin, sien jy die persoon dalk as aantrekliker,



langer, vriendeliker, snaakser, slimmer en ouer as wat hy dalk werklik is. As jy jousef moet ompraat om van die persoon te hou, is jy nie realities nie. Moenie desperaat raak nie! Moenie betrokke raak in 'n verhouding wat nie reg is, net omdat jy eensaam is nie! Moenie 'n man sien as 'n toegangkaartjie om voort te gaan met jou lewe nie. Jy wil dalk graag aanbeweeg in jou lewe, maar dit is nie 'n goeie rede om te trou nie!

- 5) Indien 'n man in jou belangstel beteken dit nie dat hy die regte persoon vir jou is nie. Dink na oor jou gevoelens, vra vriende se opinie en vat jou tyd. Moenie jou sondermeer in sy arms werp sodra hy belangstelling toon nie. Baie vroue is verlief op die idee om verlief te wees, hulle verlang meer daarna om 'n verhouding te hê as om God te behaag. Die huwelik is op sigself nie 'n doel nie, maar 'n middel waardeur God grootgemaak word.

Daar is een ding slegter as om alleen te bly: nl. om ongelukkig getroud te wees.

Voor enige meisie 'n verhouding met 'n man begin, moet sy haarself ken en aanvaar soos sy geskape is. Sy moet gemaklik voel met haar emosies en haar liggaam. Sy moet weet dat sy as beeld van God geskape is en

dat haar liggaam 'n tempel van God is. Kweek 'n Godvresende karakter in jousef, want die huwelik bring alles wat jy is in jou na vore.

Leer mans ken deur in 'n groep vriende met hulle te wees. Sulke vriendskappe moenie intiem wees nie, maar eerder op 'n afstand. Vra jousef af of jy steeds met so 'n vriendskap sal kan voortgaan as jy met 'n ander persoon trou, indien nie kan jy ook nie nou met die vriendskap voortgaan nie. Vriendskap met jou eggenoot is baie belangrik, dit kan selfs belangriker wees as die seksuele aspek van julle verhouding.

Ons moet 'n Bybelse siening oor die huwelik hê. Wat sê die Bybel van die huwelik, die man en die vrou se rol daarin. Waarvoor waarsku die Bybel?

Lees: Spreuke 5:1-23, Prediker 11:9-10, Spreuke 31, I Korinthiërs 7, Efesiërs 5:22-33, Titus 2:1-10, 1 Petrus 3:1-7, Hebreërs 13:4.

Soek 'n geesgenoot, iemand wat dieselfde dink, met dieselfde oortuigings. Het julle dieselfde kultuur? Is hy aantreklik vir jou?

Wees realities, vertrou God, en wees rustig en tevrede.

‘N KYKIE IN DIE TEOLOGIESE KLASKAMER

Marlene de Vente

‘n Paar weke gelede het ons drie maters besluit om ‘n tydjie van ons kosbare eksamentyd af te knyp om ‘n kykie te gaan neem in een van die lesinglokale van ons teologiese skool. Waarom hulle dit ‘n skool noem? Seker omdat hulle ‘n skoolbord gebruik en ‘n aangrensende biblioteek tot beskikking het. O ja, en die muur is versier met prentjies van die 4 laaste dominees wat in die VGK Pretoria gestaan het. Verder neig dit meer na ‘n universiteit : jy mag siviërs dra, niemand raas as jy laat is nie (die klas begin dan gewoon ‘n bietjie later!), en dan het hulle ook verwarmers en elke uur ‘n pouse mét koffie of tee (en koekies as die gaste dit saamvat) : allerhande ‘dienste’ wat selfs ‘n universiteit oortref!

Die lesing het sy aanvang geneem met ‘n besoek aan die kospotte van Egipte : ‘n koppie koffie is wel nodig om ordentlik wakker te word op so ‘n koue wintersoggend! Daarna is met skriflesing en gebed

geopen, en ds Visser het weggespring met sy lesing oor ‘n gedeelte uit die boek ‘Historia Revelationis’ (Geskiedenis Openbaring) deur dr Kroeze. Met ‘n pen in die hand en die Bybel oop het ons 2 ure gesit en luister na die dosent sowel as die studente. Onderwerpe wat aan die beurt gekom het was onder andere : deur wie Josef verkoop is (die antwoord weet ons almal, maar weet ons regtig? Lees dan maar Gen. 37 : 27 &



28), watter betekenis Juda gehad het in verskillende kontekste, die eersgeboortereg, die Messiaanse belofte, kortweg, almal temas uit die Ou Testament.

Hoewel die onderwerpe soms 'n bietjie moeilik geword het, is dit tog duidelik uitgelê en maklik volgbaar vir enigiemand. Dinge waar 'n mens voorheen nooit by stilgestaan het of bevraagteken het nie, is nou nie meer so vanselfsprekend nie. Jy leer om veel dieper te kyk as net die letterlike woorde van die Bybel. Jy leer tekste vergelyk en elke gedeelte van die Bybel in die groter konteks beskou. Dan word duidelik dat die Skrif een groot geheel is, nie net 'n klomp los gedeeltes wat saamgevoeg is om 'n Boek te vorm nie.

Op dié manier word ons teologiese studente voorberei vir eendag...eendag waar hulle hul kennis sal kan gebruik om die blye boodskap van die evangelie te

verkondig aan alle nasies! Mag die Here julle daarin naby wees!

Indien iemand belangstel om een van die lesings van die Teologiese skool by te woon, laat weet dit net betyds aan die betrokke dosent. Die dosente en die vakke wat hulle aanbied is soos volg :

Ds JR Visser	Ou Testament
Ds P Nel	Nuwe Testament
Ds CF Heiberg	Amptelike Vakke
Ds E Viljoen	Dogmatologiese Vakke
Ds JA Breytenbach	Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Laat ons ook as jeug belangstelling toon vir óns Teologiese skool. Ons moet onthou dat dit nie altyd so maklik vir die betrokke dominees is om buiten hulle amp ook nog dosent te wees nie. Ons moet hierdie skool, hierdie seën van die HERE, daarom nie agterweë laat in ons gebede nie.

Voel jy ook so?

DIE GELUKSGODIN WINK...

Maartje Eefting

Het jy al die Lotto advertensie gesien? (Ek wil nou nie onnodig negatief wees nie. Ons minister het self gesê dat, die mense wat so kla oor die idee agter die idee, hom dwars in die krop steek en nie meewerk aan die welvaart van ons land nie. Almal kry mos immers deel daaraan deur so 'n staatslotery!) Die liedjie *African dream* wat in die advertensie gebruik word, laat my wonder – wat is nou eintlik die Afrika droom? Om al sy agtergeblewenes die rykdom te gee wat hulle verdien? Of: 'n kitsrykdom gegrond op geluk? Wil die regering 'n kultuur van harde arbeid en verdienste kweek; of 'n kultuur van “wait and see” – miskien kom iets nog eendag my kant toe? Wil hulle die ekonomie 'n hupstoot gee of verder in die drein afhelp? Hoe dit ookal sy – dit klink nie, vir my, na die manier om te werk te gaan nie. Die beginsel gee my al klaar genoeg rede om nie deel daaraan te hê nie. Hoekom sal jy die lotery wil ondersteun?

Die beginsel: wil jy aan soiets destruktiefs deel hê? Ek weet jy studeer hard en dink aan 'n toekoms van eerlike en harde werk. Maar daar is die wat nie soos jy dink nie. As jy deel word daarvan is dit soos om 'n regmerknie te maak: dit dra jou goedkeuring weg. En

nog 'n kaartjie is verkoop! Waarom sal hulle ophou as dit so goed gaan? Goed, jou kaartjie gaan miskien nie 'n verskil maak aan die regering se onverskillige houding nie, maar dit gaan, hopelik, 'n verskil maak aan jou gewete.



Maar deur stil te bly, maak jy ook nie 'n verskil nie. Dit is soos stilswyende toestemming. Ek was so bly om te hoor dat Ernst sy stem dik gemaak het, op die Internet, oor die Hansie skandaal. En nog blyer oor die

jeug se ondersteuning! Al moet jy dit nou op die Gillman tabloid kwytraak. Laat ons gehoor word!

Ons het al soveel keer hieroor geargumenteer: die beeld wat ons uitdra. Ons het 'n streng konserwatiewe uitkyk op alles behou: geen drank op kongres, geen uitspattige kleredrag kerk toe nie. Maar 'n lotto kaartjie kan tog niemand dronk maak nie en ook nie iemand anders verlei nie. Die meeste kere weet niemand eers jy het die ding gekoop nie. Dis jou eie saak – of hoe? Dis nie asof jy verslaaf is nie. Niemand kyk na jou en wonder aan watter kerk jy behoort nie. Hulle peins nie eers oor soiets nie. Jy bring niemand tot 'n val nie. Maar is jy dan enigszins bekommerd oor 'n ander se val?

Waarsku God sy volk nie ook daarteen in Jesaja 65: 11, as Hy hulle aanspreek as: “julle wat die tafel dek vir die gelukkiggod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot”, nie? Mense begin glo dat hulle eindbestemming in hulle eie hande lê. Dat, wat die dobbelsteen sê, die uitkoms sal wees. Hulle hoop op rykdom. Hulle vergeet om van God te vra wat hulle nodig het. Hulle vergeet dat, wat hulle nodig het, God

se genade alleen is. God is die Een wat sorg en versorg. Hy gee en Hy neem. Ons is bestuurders oor wat Hy ons gegee het. Ons moet werk om ons gesinne te kan onderhou en om genoeg te hê om aan die armes ook te gee. Nie om 'n destruktiewe spel te ondersteun wat armoede skep nie.

Dit hou nie op by 'n staatslotery nie. Baie mense is verslaaf aan dobbel. Hulle kan nie genoeg kry van die adrenalien wat pomp en die opwinding van die dobbelmasjiene nie. Elke “verloor” beteken 'n “weer probeer”. 'n Paar keer gewen en die gewen begin. Dit is net soos enige ander slegte gewoonte. Miskien is die staatslotery selfs 'n kennismaking met die lotery en dobbelary vir sommige.

Dis Hansie, dis die Lotto, dis die gewese minister- mnr Williams-, dis Allan Boesak, dis dobbelslawe en die ewige statussimbole. Satan gebruik ook geld om te kry wat hy wil hê.

Mammon slaap nooit...

HALLELUJA – ONS IS VRY!

Erik van Alten

“Die vrye wil van die mens” – wonderlike woorde vir die mens van vandag. Daarmee kan hy sy eie onafhanklikheid beklemtoon en daarmee kan hy wys dat hy vry is om te doen wat hy wil. Leef hierdie idee nie soms by elkeen van ons nie: ék kan mos kies of ek God wil dien of nie, ék kan kies of ek kerk toe wil gaan of nie, ék kan self besluit of ek na my ma wil luister of nie? Hoe dikwels hoor ons nie die volgende gedagte nie: dit hang van jouself af om die goeie of die slegte te doen? Vergeet dit, die idee van 'n vrye wil is 'n illusie, dis 'n menslike versinsel, dis absolute nonsens, want die mens kan van die sondeval af net EEN keuse maak: die verkeerde keuse!

Tog is ons vry!

Wat dan van die titel van hierdie artikel? Hoe kan ons sê ons is vry as ons so pas tot die gevolgtrekking gekom het dat ons aan die sonde verkoop is en dat ons slegs die verkeerde keuse kan maak? Dis belangrik om by hierdie vraag nie die eerste woord van die titel te mis nie: halleluja. Ja, halleluja, dit beteken: loof die



Here. Ons mag die Here loof omdat ons vryheid in Hóm lê, want dis Hy wat ons, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin ons tevore gewandel het, lewend gemaak het (Ef. 2:1-2). Hy het ons, wat slawe

van die sonde was (Joh. 8:34), vry gemaak deur die kruisdood van Christus. Paulus stel dit so mooi in Efesiërs 2:5-7: Hy het ons lewend gemaak saam met Christus en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Ons was dood en nou lewe ons! Wie durf nou nog sê dat Christenskap 'n las is? Wie het nou nog die arrogansie om te sê dat God ons net probeer bind deur 'n groot klomp wette en reëls? Wie is nou nog so naïef om te dink dat jy niks mag doen as jy 'n Christen is nie? Ons Vader in die hemel soek nie slawe nie, Hy soek kinders; kinders wat vry is van sonde en dood. Voel jy hoe die las van jou skouers afval?

Watter tipe vryheid?

Hierdie vryheid is nie dieselfde as die vrye wil van die mens waarvan ek in die inleiding gepraat het nie. Dit gaan hier oor die Christelike vryheid, die vryheid IN Christus. Die Christelike vryheid wil aan ons teruggee wat ons verloor het. Voor die sondeval was daar vryheid; die vryheid om nie die sonde te hoef doen nie; die vryheid om met ons totale lewe gerig te wees op diens aan God en lewe met God. Christelike vryheid staan lynreg teenoor menslike outonomie (die vrye wil van die mens). Christelike vryheid beteken ook nie dat daar 'n klein gedeelte van ons lewe is waarvoor ons nou self kan besluit nie en dat die res van ons lewe steeds deur God se wet beheers word.

Nee, ons *hele* lewe is 'n lewe van vryheid en daarom is God se wet ook 'n wet van vryheid. Mense, asseblief, God se wet wil ons nie bind sodat ons nie meer kan beweeg nie. Dis dikwels wat in mense se gedagtes opkom: *as* ons dan vry is, hoekom moet daar nog 'n wet wees? God se wet wil ons juis hou in die vryheid wat Christus vir ons verdien het.

Kom ons gebruik 'n voorbeeld om dit duidelik te maak: 'n pa koop 'n huis met 'n pragtige tuin rondom. Daar groei die mooiste blomme en koelgebome. Ongelukkig loop daar 'n besige pad voor die huis verby en die pa besluit om 'n heining om sy erf op te sit. Hy verbied ook sy kindertjies om buite daardie heining te speel. Hoekom doen die pa dit? Wil hy dit maar net vir sy kinders moeilik maak? Wil hy net leedvermakerig wees deur sy jong kinders te verbied om buite die heining te speel? Nee, daardie pa is lief vir sy kinders; binne die heining is hulle vry om te

speel waar hulle wil, maar daarbuite weet hy gaan die karre hulle raakry en daarom verbied hy hulle om daarbuite te speel. So is dit ook met God. Hy is werklik lief vir jou. Binne die verlossing wat Christus vir jou verdien het, mag jy doen wat jy wil tot Gods eer, maar God weet dat as jy daarbuite gaan, gaan jy weer 'n slaaf van die sonde en die dood word en daarom sit Hy sy wet as heining op om jou binne die verlossing te hou!

Die vryheid wat Christus vir ons verdien het, maak dus ons hele lewe vry van die sonde en die dood en maak dit vir ons moontlik om ons hele lewe aan God te wy. As 'n mens beseft dat God jou uit die dood uit lewend gemaak het, wie wil dan nog sy eie kop volg?


Leef in die volle vryheid!

Ons, as kinders van die Here, moet egter oppas dat ons die vryheid nie kleiner maak as wat God dit aan ons gee nie. Kom ons gebruik die ou voorbeeld van Sondagsheiliging: wie van ons ken nie die ou reëls van vroeër dat jy nie op 'n Sondag mag fietsry nie, dat jy nie op 'n Sondag mag swem nie, dat jy nie op 'n Sondag mag brei nie ens. (hierdie is slegs voorbeelde).

Na my mening is ons besig om met sulke reëls die rykdom van ons vryheid verskriklik in te perk. Met sulke reëls is ons besig om ons eie heining reg rondom onself te bou, sodat ons nie kan roer of beweeg nie. Weet julle wat gebeur dan? Mense plaas dan 'n las op hulle gewetens wat God nie daar plaas nie. Dan raak ons krampagtig in die manier hoe ons daaglik as kinders van die Here lewe. Dan raak die lewe vir ons 'n lewe van moets en moenies. Paulus waarsku daarteen in Galasiërs 5:1: *staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.*

In die vryheid wat die Here aan ons gee, kan ons weer asemhaal en word ons nie doodgedruk deur die laste wat ons onself oplê nie. Dan kan ons saam met die psalmdigter sing:

*Die troue HEER het self ons vrygemaak:
die strik is los en ons het vrygeraak,
vry soos 'n voël wat vind sy vryheid weer.
Die ewige God, van alle dinge Heer,
Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.
(Psalm 124:4 – berymd)*



Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"
Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville


DEUR DIE SLEUTELGAT

Die gras is groen, die son skyn en die voëltjies sing. Dit is wat ek sou geskryf het indien dit lente was. Intussen staan ons met die werklikheid gekonfronteer dat dit in die middel van die winter is. Maar die snerpemde koue kon nie die liefdesvlamme blus nie. Sommige van die Kapenaars het juis om hierdie rede die afgelope vakansie groener weivelde (of eerder bruiner weivelde – ek verneem dat groen gras in Gauteng amper so skaars soos 'n goeie rugbyspan is) gaan opsoek. Corrien, Carien, Carina, Chris en Theo is almal na die "land-sonder-melk-en-heuning" toe. Terwyl Corrien en Carien se verskonings voor die hand- liggend was, verneem ek dat die ander drie 'n ietwat meer verskuilde agenda gehad het. Chris wou van die gulde geleentheid gebruik maak om solank 'n voorsprong op die ander Kaapse ouens voor die kongres te kry. Na bewering is Carina Gauteng toe vir 'n Teologiese studie.

Op die sportgebied was dit die afgelope tyd ook nie rustig nie. Die kerk het 'n paar maande terug hul eie sokkerspan begin. Verskeie jeuglede is ook hierby betrokke. Hier volg 'n lys van ons spelers in geen spesifieke volgorde nie: Jaco "It's Jakes Actually" Haak, Jan "Janneman" Geerts, Theo "Verskoon-my-ek-lê-eerder-op-die-grond" de Vries, Marco Zielman en Peter "Piet" Raimond, maar presies wat hy daar doen weet ek ook nie.

Saterdag die 24ste Junie is daar 'n pannekoekaand by die Raimonds gehou. Nadat die skoner geslag gefaal het om enige indruk met hul kookvernuf te maak, het Chris en Jakes besluit om oor te vat. Chris se arm het

naderhand lam geraak, en toe was dit Peter se beurt om sy vroulike sy ten toon te stel.



Nie lank daarna nie het Jaco huis opgepas in Durbanville. 'n Goeie geleentheid om te sosialiseer. Hy het dit ook op hom geneem om iets te organiseer. Dit sou 'n speletjiesaand wees, maar was toe nie. Hy het "sy kant skoon gehou" (soos hy dit stel) en almal gebel. Na almal begin verskonings maak, het hy selfs voorgestel om party te kom haal by hulle huise. Hy wou natuurlik sy nuwe ryding ten toonstel. Daar is al na sy geel gevaarte verwys as: die geel pampoens, die geel piesang, en die geel limousine. Maar volgens Jaco is dit 'n geel MacLaren. Hoe dit ookal sy – hy is baie lief vir rondry deesdae.



Die 13de Julie het die jeug gaan ysskaats. Vir die eerste keer sedert die bestaan van die jeug het ons te veel vervoer gehad. Jaco het weereens "sy kant skoon gehou" deur almal te bel en met sy geel limousine op te daag. Almal wat daar was het dit baie geniet. Ons het nou wel nie 'n skaatsbaan in die middel van Tygervallei nie, maar ten minste kon Ewart val sonder dat 'n skare dit aanskou. Volgens hom het hy 'n "double summersault" uitgevoer, maar toe was Lieneke in die pad. En om te verhoed dat sy val, het hy maar die onderspit gedelf. Op pad terug het die helfte van die jeug die verkeerde afrit geneem nadat Jaco se GPS sisteem in sy motor gefouteer het. Gelukkig het Jaco die saak met sy ongelooflike bestuursvernuf gered.



Dit is al van my kant af vir hierdie maand.
Groete

Die Sleutelgatloerder

VOETSPORE

VoetsporeTyd staan nie stil nie, die lewe gaan maar voort. Ek het gedink dit is nog vakansie, toe is dit al weer terug klas toe. Ek hoop almal het hulle vakansie geniet (die wat gelukkig was om vakansie te kon hou) en is weer uitgerus om volstroom aan die werk te spring.

Hier waar ek sit is dit koud. Die winter is op ons. Tog het ek gister weer 'n moerbeiboom sien bot. Dit is tog wonderlik om te dink dat God in beheer is van alles en dat Hy bepaal wanneer wat moet gebeur. Ook in jou lewe is die Here die Een wat bepaal wat in jou lewe vir jou die beste is. Soos ek gesê het: tyd staan nie stil nie en die afgelope tyd het daarweer baie dinge gebeur. Daar is 'n paar mense wat ons verlaat vir 'n tydperk. Janet Ros is vir twee jaar Namibië toe vir werk. Dirk Boon het ons ook verlaat (hy is Nederland toe vir verdere studies). Annemarie Lubbinge en Hannes Venter gaan vir 'n tyd lank London toe. Aan bogenoemde: ons hoop julle geniet dit. Sterkte met die werk of studie wat julle mag doen. Mag die ervaring verrykend en opbouend wees. Laat hoor maar so nou en dan van julle!

So 'n rukkie terug het die jeug van Soshanguve vir ons kom kuier. Hulle het die oggenddiens saam met ons bygewoon en daarna het ons heerlik by dominee Kleijn koffie gaan drink en sommer middagete ook daar geëet. Daar is lekker saamgesing en sokker gespeel. Ook het ons die geleentheid gekry om mekaar beter te leer ken. Ek het 'n wonderlike gesprek gehad oor die geloof en soms moes ek my kop in skaamte buig omdat ek die geloof en sekere dinge wat daarmee saamgaan as vanselfsprekend aanvaar het. Ek het toe besef dat niks per toeval gebeur nie. God bestuur alles - vir jou

ten goede. Dit bring my by 'n ander wonderlike gebeurtenis. Saam met die jeug van Soshanguve was daar ook 'n jong man met die naam Blessing. Hy is nog maar net 4 maande by die gemeente, maar die geloof en die wonder daarvan straal uit sy gesig. Hoe het hy dan by die kerk betrokke geraak? Dit is 'n baie unieke verhaal. Blessing het tot die einde van verlede

jaar werk en blyplek gehad. Vroeg aan die begin van die jaar het hy sy werk verloor en daarmee saam sy blyplek. Hy het toe op die Magaliesberg gaan bly - in 'n skuling, gemaak van swart sakke en 'n paar matjies om op te slaap. Hier het mense van ons gemeente hom raakgeloop en met hom gepraat oor die geloof. So het hy begin om kerkdienste in Soshanguve by te woon. Johan Moes het vir hom 'n blyplek aangebied. Onlangs het hy ook weer werk gekry.

Together with Blessing we have to thank the Lord for the way He works with us. Welcome in our midst, Blessing! May the Lord bless you.

Gedurende die vakansie is daar weer heerlik ontspan. 'n Klomp van die jeug het afgesit na die Randburg Waterfront vir 'n

"dropping". Daar was 'n paar lekker strikvrage wat gesorg het dat die groepe so 'n bietjie gedwaal (of moet ek eerder sê verdwaal) het. 'n Mens moes mooi dink om darem 'n antwoord te kan neerskryf. Na die tyd het ons die Spur ingevaar en het 'n kulkunstenaar ons met sy kulkunsies vermaak. Dankie aan die jeug van Maranatha vir so 'n lekker aand.

Dan het die studentevereniging ook vir 'n leersame avontuur gesorg. Na so 'n bietjie verdwaal en motor probleme het ons die Sterkfontein grotte bereik.



Hier het 'n toergids ons deur 'n deel van die grot begelei en ons vir 'n driekwartier vermaak. Hy het ons onder andere vertel hoe sekere gesteentes ontstaan het en in watter gesteentes fossiele gevind kan word. Ongelukkig is hier van God se almag vergeet en tydperke soos miljoene jare is in die gids se woordeskat ingesluit. Gelukkig mag ons weet dat God die Enigste Skepper is van alles om ons heen. Na die tyd het ons lekker gaan braai by Roodeplaat damwal.

Ons wil net nog welkom sê aan Anita Spies. Sy is al 'n bekende gesig in ons gemeente, maar sy het nou finaal by ons aangesluit. Ons hoop jy vind gou jou plek onder ons. Ook mag ons geluk sê aan Hans de Wit wat openbare geloofsbelydenis afgelê het. Mag God julle ook bewaar in die kerk sodat julle aktief betrokke mag wees in die gemeente.

Voetspoorgroete tot 'n volgende keer.

Nog iets...

BOEKBESPREKINGS

Wilma Lubbinge


What if Jesus had never been born? (D. James Kennedy and Jerry Newcombe)

Ons leef in 'n wêreld waar Christene en die kerk bevraagteken en aangeval word, Christus is nie meer aanvaarbaar nie en 'n nuwe god word gesoek. Ons sien die gevolge van die afval reg rondom ons, maar die wêreld weier om self verantwoordelikheid te aanvaar en soek iemand anders om die skuld op te laai. Die kerk word as 'n maklike teiken gesien en in die beskuldigde bank geplaas.

Die boek 'What if Jesus had never been born?' deur James Kennedy en Jerry Newcombe wys egter presies die teenoorgestelde. Sonder Christus sou die wêreld baie erger gewees het! Die positiewe gevolge van Christus en sy volgers is reg oor die wêreld sigbaar, so sigbaar dat ons dit nie meer raak sien nie.

In elke hoofstuk van die boek word 'n ander area in ons lewe bespreek en word die invloed van Christus bespreek. Aan die einde van die hoofstuk word 'n opsomming gegee wat die kerngedagte saamvat. Reg deur die boek word daar verwysings gegee na die bronne wat agter in die boek saamgevat is, dit maak verdere studie makliker en dui op deeglike navorsing.

Die volgende onderwerpe word bespreek:



- In the image of God - Christianity's impact on the value of human life.
- Compassion and mercy - Christianity's contribution to helping the poor.
 - Education for everyone - Christianity's contribution to education.
 - Thinking God thoughts after Him - Christianity's impact on science.
 - Free enterprise and the work ethic - Christianity's on economics.
 - The beauty of sexuality - Christianity's impact on sex and the family.
 - Healing the sick - Christianity's impact on health and medicine.
 - The civilizing of the uncivilized - Christianity's impact on morality.
 - Inspiring the world's art - Christianity's impact on arts and music.
 - Amazing grace - Lives changes by Jesus Christ.
 - The sins of the Church - Negative aspects of Christianity in History.
- Where do we go from here? - Fulfilling our purpose.

Die boek wys duidelik hoe God deur al die eeue die wêreld bestuur en regeer, Hy het die geskiedenis al lankal geskryf - ons leef dit net. Dit gee rustigheid in 'n mens se hart om te weet Hy staan aan die roer.

Die Dagstêrwals (Johnita Le Roux)

Tydperk: 1940 tot 1994

A predikant recently instructed a congregation of illiterate farm labourers that they should not say

"Onse Vader, wat in die hemele is...", but

"Die Vader"; sins Jesus was a White man, only White men can say "Our Farther".

Brief van eerw. Leonard Heap aan *Cape Times*
18 Augustus 1959

Miriam is nie 'n kleurling nie, maar ook nie blank nie - hulle weet wie is haar ma ('n hottentot) maar wie is die pa?

Suid-Afrika is deurmekaar - die politieke skommeling maak rimpels deur elke Suid-Afrikaner se lewe. Hy worstel met die vrae: Wie is die Afrikaner? Wat is verraad? Wie is die erfgename van die land?

'Die Dagstêrwals' vertel Miriam se lewensverhaal: Van haar kinderjare op Eeden (1940), hoe sy daar groot word, tot haar trek na die Kaap en Distrik Ses. Hoe sy lewe, wat sy mee maak, haar hartseer, haar

verlange, haar vreugdes - hoe sy ontwikkel en haar eie geskiedenis leer ken.

En hoe die land en politiek rondom haar verander, van Verwoerd na Mandela, van apartheid na 'n nuwe demokrasie.



Die boek is geensins 'n politieke relaas nie, maar gee die leser 'n nuwe en persoonlike beeld van hoe ander Suid-Afrikaners die politieke verwickelinge ervaar het. Dit gee nuwe respek en help verstaan en aanvaar.

Dis 'n boeiende boek wat maklik lees. Dit neem 'n mens saam na nuwe plekke, mense en dinge - en jy weet hulle het werklik geleef, gelag en gely.

Beskikbaar by openbare biblioteke.

VERJAARSDAE

Bethal

Elize Botha 25 Aug
Leclue Nienaber 12 Sep

Johannesburg

Leon Byker 13 Aug
Eunice Boessenkool 27 Sep

Kaapstad

Carina van Alten 6 Aug
Clara van der Vinne 6 Aug
Margreet Moes 6 Aug
Ewart Antonides 10 Aug
Sandra Scheltens 20 Aug
Wietske Douma 26 Aug
Theo de Vries 29 Aug
Mirjam Raimond 31 Aug
Lieneke Eefting 3 Sep

Ernst-Jan van Vondel 4 Sep
Christine van der Linden 20 Sep
Chrisjan van Alten 23 Sep
Christine Scheltens 24 Sep

Maranata

Ria de Vries 2 Aug
Annelie de Jong 6 Aug
Tessa Dandoeras 7 Aug
Jurrie Eilers 17 Aug
Thea de Jager 17 Aug
Reinier Raimond 15 Sep
Mirjam de Vries 16 Sep
Gerda van Dyk 18 Sep
Reinier van den Bout 27 Sep

Pretoria

Christiaan Zielman 1 Aug

Jan van Houwelingen 1 Aug
Erik-Jan de Wit 2 Aug
Wilma Lubbinge 3 Aug
Hilde Ros 5 Aug
Johan Moes 11 Aug
Laurike Bosker 21 Aug
Albert Smit 22 Aug
Anja Kamphuis 22 Aug
Martin Kamphuis 22 Aug
Annet Lubbinge 23 Aug
Alida van der Horst 28 Aug
Nonka Bijker 4 Sep
Marius de Jager 8 Sep
Sjaak Hagg 12 Sep
Sonja van der Veen 19 Sep
Hein Smit 23 Sep
Francien v. Houwelingen 29 Sep